



## SKRIFTUURLIKE GEBRUIKE SCRIPTURAL CUSTOMS

Elkeen van die onderstaande 15 punte is suiwer op God se Woord gebaseerd (sien al die skrifte wat aangehaal word) en ons verkondig geen leerstelling of dogma van enige denominasie nie. Hierdie skriftuurlike gebruik vorm die basis van ons gemeente en bediening.

### Hier volg die 15 punte soos uiteengesit:

Ons maak voorsiening vir addisionele byvoegings, maar slegs indien dit suiwer Woord gedrewe is.

#### **1. SING:**

Sang speel 'n baie belangrike rol in lofprysing, danksegging en aanbidding. Ons sing baie en ons sing graag, want dit is 'n teken van blydskap en oorwinning en ons het rede om opgewonde te wees – Jesus leef! Ps 13:6 Maar ek – op U goedertierenheid vertrou ek; my hart sal juig oor U heil. Ek wil sing tot eer van die HERE, omdat hy aan my goed gedoen het.

#### **2. AANBIDDING:**

God het die mens geskape om Hom te aanbid en daarom is dit ook ons hoogste skeppingsdoel. Aanbidding bring eer aan die God wat dit alleen waardig is. In Johannes 4: 23-24 sê Jesus: "Daar kom 'n uur en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid. God is Gees en die wat Hom aanbid moet in gees en waarheid wandel." Dit is 'n tragedie dat God, ons Skepper, moet soek na ware aanbidders en dit is ons voorneme dat God nooit tervergeefs in ons dienste sal soek na aanbidders nie. Met groot vrymoedigheid en spontaniteit wil ons Hom aanbid, want Hy is dit waardig.

### **3. LOFPRYSING EN DANKSEGGING:**

Tydens ons dienste ruim ons ook geleentheid in vir mense om die Here te prys en dank vir Sy goedheid en genade aan ons bewys. Lofprysing is wanneer ons dit besing wat God is (Sy goedheid, almag, alwysheid, ens) Danksegging staan egter in verband met dit wat die Here vir ons gedoen het soos die beantwoording van gebed, ens.

**Ps 103:1-2 “Loof die Here, o my siel, en alles wat binne my is, Sy heilige Naam! Loof die Here, o my siel, en vergeet geen een van Sy weldade nie.”**

### **4. BID OF SING IN TALE:**

**1 Kor 14:14-15 (Want as ek in ‘n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar. Hoe staan die saak dan? Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid. Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing.)** Hierdie skrif stel dit duidelik dat dit vir die gelowiges moontlik is om met die verstand te sing en bid asook om in die Gees te kan sing en bid. Wanneer ons met die verstand sing of bid, beteken dit dat ons dink en verstaan wat ons uitspreek, maar wanneer ons in die Gees bid of sing, is ons verstand onvrugbaar en gebruik ons ‘n taal wat die Heilige Gees gee.

### **5. MUSIEKINSTRUMENTE/ORKES:**

Ons loof en aanbid die Here met instrumente. Dikwels word instrumente verkeerdelik net met sekulêre musiek geassosieer. Regdeur die Bybel vind ons egter dat instrumente ‘n leidende rol gespeel het in geestelike byeenkomste. **Ps 150:3-5 “Loof hom met basuin geklank, loof Hom met snarespel en fluit. Loof Hom met helder simbale, loof Hom met klinkende simbale.”**

### **6. HANDE KLAP:**

Hierdie is die een aspek in ons byeenkomste wat mense dikwels vreemd vind. **Ps 47:2 “Alle volke klap met die hande, sing tot eer van God met ‘n stem van gejubel.”** Hande klap is ‘n teken van blydskap en ‘n uitdrukking van waardering. Ons moet onthou dat ons in ons Vader se huis is en daarom spontaan en vry kan optree. Hy het ons lief en het vir ons soveel gedoen! Daarom kan ons soos kinders ons hande klap van blydskap.

### **7. HANDE OPSTEEK:**

Dit is ook ‘n sigbare wyse van lof en aanbidding tot God. Dit skep ‘n wonderlike ervaring van oorgawe aan God. Opgehefde hande dui ook daarop dat jy jouself oopstel om die genade en seën van God te ontvang. **Ps 134:2 “Hef julle hande op na die heiligdom, loof die Here”**

**Ps 28:2 “Hoor die stem van my smekinge as ek U aanroep om hulp, as ek my hande ophef na die binneste van U heiligdom.”**

**1 Tim 2:8 “Ek wil dan hê dat die manne op elke plek moet bid en heilige hande ophef sonder toorn en twis.”**

## **8. PRAAT EN UITLEG VAN TALE:**

1 Korinthiërs 12 en 14 vertel meer van hierdie wonderlike onderwerp.

1 Korinthiërs 14:39 “Daarom, broeders, beywer julle om te profeteer en moenie verhinder dat daar in tale gespreek word nie”

1 Korinthiërs 12:7,10 “Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is. .... (v10) aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale”

### **1) IN TALE PRAAT MET 'N UITLEG:**

Hierdie gawes word deur die Heilige Gees gegee soos **Hy** wil. Niemand verstaan wanneer daar in tale gepraat word nie. Wanneer iemand in tale praat, moet dit daarna uitgelê word, sodat almal kan verstaan wat die Gees aan die gemeente wil sê.

### **2) IN TALE PRAAT SONDER 'N UITLEG:**

1 Korinthiërs 14:4 Hy wat in 'n taal spreek, stig homself; maar hy wat rofeteer, stig die gemeente.

Jy kan in 'n taal bid waar daar nie 'n uitleg is nie, maar dan is dit tot stigting van jouself en tree die Heilige Gees vir jou in met onuitspreeklike versugtinge.

## **9. PROFESIE:**

Dit is baie nou verwant aan Praat en Uitlê van tale en word deur Paulus sterk aangemoedig. Profesie dien tot troos, stigting en bemoediging van diegene wat aanwesig is.

Bestudeer 1 Korinthiërs 12 en 14. Die 3 mondelinge gawes, nl tale, uitleg en profesie, kan deur enige Geesvervulde persoon in die vergadering beoefen word aangesien dit die Gees se reg en besluit is om te gebruik wie Hy wil.

## **10. HOEKOM VAL MENSE SOMS ONDER DIE GEES?**

Vir sommige mense is dit vreemd en ander skrik as dit gebeur. Ons wil jou gerus stel dat ons nie hier te make het met 'n kultus of dwaalleer nie, maar dit is slegs 'n natuurlike reaksie op 'n bonatuurlike aanraking en teenwoordigheid van God.

1 Konings 8:11 “En die priesters kon vanweë die wolk nie staan om diens te doen nie, want die heerlikheid van die Here het die huis van die Here gevul.”

Johannes 18:6 “Toe Hy dan vir hulle sê: Dit is Ek, het hulle agteruitgegaan en op die vloer geväl.”

## **11. BID GELYKTYDIG EN HARDOP:**

Wanneer 'n persoon die gemeente in gebed lei, glo ons dat ander spontaan kan saamstem deur hardop met "amen" of "hallelujah" te antwoord. Dit duï eenstemmigheid aan. Matteus 18:19 Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is.

In Deut 27:15-26 vind ons dat die Here 12 keer aan die volk opdrag gee "...en die hele volk moet antwoord en sê: "Amen" As teken dat hulle verstaan en saamstem. Paulus leer dat daar "Amen" gesê moet word op die danksegging van bidders.

In 1 Korinthiërs 14:16. "Amen" en "Hallelujah" is ook uiterlike tekens van innerlike vreugde en vryheid in die Heilige Gees.

## **12. HANDE OPLÊ EN SALF MET OLIE**

Ons glo dat die Woord van die Here nog net so geldig is as toe God dit gegee het. Verder glo ons ook en pas ons ook die Woord toe soos dit geskryf staan. As ons glo wat daar geskryf staan, moet ons ook doen en sal ons ook ontvang wat daar geskryf staan. [Markus 16:17-18](#) gee 'n lys van dinge wat sal gebeur met hulle wat glo. So lees ons dan "... op siekes sal hulle die hande lê en hulle sal gesond word." [Jakobus 5:14](#) "Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouerlinge van die gemeente inroep en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here gesalf het."

## **13. DOOP (BEKERINGSDOOP)**

Jesus se doop in die Jordaanrivier duis op die eertydse Proseliete doop wat simboliseer dat heidene deel kon word van die Joodse volk. Jesus simboliseer dus deur Sy doop dat Hy nou deel van die mensdom is en nie meer (nét) 'n hemelse wese nie. Volgens [Romeine 6:3-4](#) is die doop 'n uiterlike teken van 'n innerlike verandering a.g.v. bekering. Onderdompeling verwys na die "begrafnis" en dood waaruit jy opstaan tot 'n nuwe lewe. [Mat 28:19](#) Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

## **14. INSEËN VAN KINDERTJIES:**

Nêrens in die Bybel lees ons dat kinders gedoop moet word nie. In [Markus 10:16](#) lees ons wel: "Hy (Jesus) het sy arms om hulle geslaan, Sy hande op hulle gelê en hulle geseën." Tydens inseëndienste dra ons die kinders aan God op en bid Sy seën en beskerming af op hulle lewens.

## **15. TIENDES & OFFERANDES:**

'n Basiese Bybelse beginsel is dat alles aan God behoort. ([Ps 24:1](#) "Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon") en dat ons alles van Hom ontvang [1 Kronieke 29:14](#) "Want wie is ek tog, en wat is my volk, dat ons in staat sou wees om sulke vrywillige gawes te skenk? Want dit kom alles van U, en uit U hand het ons dit aan U gegee.") Ons is deur Hom aangestel om goeie rentmeesters te wees ([Mat 25:14-46](#)). Volgens [Maleagi 3:7-12](#) beroof ons God as ons nie ons volle tiende gee nie. Hy daag ons uit om Hom te beproef hierin. God verwag die eerste 10% van ons inkomste en nie iets as daar oorbly nie. ([Spr 3:9](#) "Vereer die Here uit jou goed en uit die eerstelinge van AL jou INKOMSTE"). Behalwe vir my tiende, moet ek nog geld gee? [Maleagi 3:8](#) praat van tiendes én offergawes. ("Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe.) [2 Korinthiërs 9:6-7](#) leer ons dat dit beter is om te gee as om te ontvang én dat ons met blymoedigheid moet gee. ("Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai. Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief.")